MIDSTREAMSKOLE

BEPALINGS EN VOORWAARDES VIR TOELATING	MS001A

MIDSTREAM COLLEGE (MC)

1. Voltooiing van die aanlyn toelatingsvorm bevestig aanvaarding van die Bepalings en Voorwaardes vir toelating tot **MC.**
2. Oorweging sal aan alle aansoeke gegee word.
3. Ouers/voogde word versoek om inligting oor gestremdhede van leerders, waarvan hul bewus is, te verskaf.
4. Leerders, wat meer as twee jaar ouer as die gemiddelde ouderdom van hul graad is, sal nie vir inskrywing oorweeg word nie.
5. Die voltooiing van die aanlyn toelatingsvorm impliseer dat ouers/voogde bewus is:
   - van die Christelike etos van die College en stem saam dat hul kind hierby sal hou en byeenkomste sal bywoon.
   - dat **MC** parallelmediumonderrig aanbied en die aansoek om toelating wat hiermee ingedien word, vir die Afrikaanse been is – as sodanig sal alle vakke (behalwe Engels) in Afrikaans aangebied word.
   - dat die gedragskode van **MC** aanvaar en onderskryf word.
   - dat daar van alle leerders verwag sal word om deel te neem aan ten minste een somer- en een wintersport of kultuuraktiwiteit wat by die College aangebied word.
   - dat deur u kind in te skryf, ouers / voogde hulself daartoe verbind om die besluite van die skoolhoof rakende College-organisasie en dissipline te aanvaar.
   - dat alle klagtes rakende reëls, regulasies, oogmerke, beleide, prosedures of die toepassing daarvan aan die skoolhoof gerig moet word.
   - dat daar van leerders verwag word om alle amptelike skooldae by te woon, insluitend kampe, spesiale dae en aande wat die College verpligtend ag.
   - Ouers/voogde gee toestemming dat foto's van hul kind geneem mag word en vir publikasiedoeleindes gebruik mag word (insluitend maar nie beperk nie tot gedrukte, digitale en sosiale media).
   - Ouers/voogde verstaan dat persoonlike inligting van ouers en leerders in digitale en/of hardekopieformaat bewaar word, en dat hierdie inligting verwerk kan word vir spesifieke en wettige redes met betrekking tot die funksies of aktiwiteite van die skool. Ouers en leerders het die reg op toegang tot persoonlike inligting wat versoek is en hulle het die reg om te versoek dat sodanige inligting reggestel word.
   - Toestemming word gegee dat persoonlike inligting vir 'n tydperk behou mag word soos deur die skool nodig geag en vir kommunikasie-, advertensie-, bemarkings-, historiese, statistiese of navorsingsdoeleindes gebruik mag word.
   - Toestemming word gegee om direkte bemarking van skoolverwante goedere en dienste deur middel van elektroniese kommunikasie te ontvang, insluitend maar nie beperk nie tot e-pos, SMS en *WhatsApp.*

MIDSTREAM COLLEGE LAERSKOOL (MCP) / MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL (MRP)

Die voltooiing van die aanlyn vorm en ondertekening van die dokumente impliseer dat beide biologiese ouers/voogde bewus is en instem tot die volgende:

1. Die skool handhaaf 'n Christelike etos. Elke dag en byeenkomste word met skriflesing en gebed geopen.
2. Oorweging sal geskenk word aan alle aansoeke van leerders met fisiese of emosionele probleme, na afloop van 'n evaluering van die leerder en die gebruik van beskikbare fasiliteite by **MCP / MRP** in ag geneem.
   Ouers/voogde word versoek om inligting oor gestremdhede, gesondheidstoestande of leerprobleme, waarvan hul bewus is, met die aansoek om toelating te verskaf.
3. Indien u kind deur 'n dokter, sielkundige, arbeids- of spraakterapeut vir 'n opvoedkundige assessering verwys word terwyl hy **MCP / MRP** bywoon, word ouers/voogde versoek om die aanbevelings met die skool te deel. Alle verslae sal op 'n vertroulike wyse hanteer word.
4. Leerders, wat twee jaar ouer as die gemiddelde ouderdom van hul graad is, sal nie vir inskrywing oorweeg word nie.
5. Daar sal van alle fisies bekwame leerders in ouderdomsgroepe bo graad 1 verwag word om deel te neem aan ten minste een somer- en een wintersport of kultuuraktiwiteit wat by die betrokke skool aangebied word.
6. Die nie-rentedraende deposito van R10 000 kan na MC oorgedra word indien die leerder aanvaar word, en is slegs terugbetaalbaar indien die leerder aan die einde van 'n volle skooljaar, met 'n termyn kennis neem.
7. Deur hul kind in te skryf, verbind ouers/voogde hulself daartoe om die besluite van die skoolhoof ten opsigte van skoolorganisasie en dissipline te aanvaar.
8. Die gedragskode van **MCP / MRP** word aanvaar en onderskryf.
9. Daar word van leerders verwag om alle amptelike skooldae by te woon, insluitend skoolkampe/toere, spesiale dae en aande wat die skool verpligtend ag.
10. Uitgawes ten opsigte van individuele items (onderrig/afrigting/opleiding, ens.) soos deur die ouers/voogde versoek of gemagtig, sal op die leerder se rekening gehef word.
11. Ouers/voogde neem hiermee kennis van en gee toestemming vir die volgende:
    - Dat persoonlike inligting van ouers en leerders in digitale of harde kopie formaat bewaar word en slegs verwerk sal word vir spesifieke en wettige redes met betrekking tot die funksies of aktiwiteite van die skool. Ouers en leerders het die reg op toegang tot, en die reg om persoonlike inligting wat versoek is, reg te stel.
    - Toestemming word gegee dat persoonlike inligting vir 'n tydperk behou mag word soos deur die skool nodig geag en vir kommunikasie-, advertensie-, bemarkings-, historiese, statistiese of navorsingsdoeleindes gebruik mag word.
    - Toestemming word gegee om direkte bemarking van skoolverwante goedere en dienste deur middel van elektroniese kommunikasie te ontvang, insluitend maar nie beperk nie tot e-pos, SMS en *WhatsApp.*

Deur die aanlyn toelatingsvorm te voltooi, neem beide ouers kennis van en stem in tot die Bepalings en Voorwaardes vir toelating.